FORUM BOTANICUM

VOL. 21 No. 2 FEBRUARY FEBRUARIE 1983

ISSN 0015-847X

NEWS-LETTER OF THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF BOTANISTS
NUUSBRIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN PLANTKUNDIGES

JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT, ANNUAL REPORT OF THE PRESIDENT, 1982:

Die jaar 1982 het baie hoogtepunte vir SAGP opgelewer en dit is met genoeë dat ek oor die werksaamhede van die afgelope jaar aan u verslag doen.

1. RAADSVERGADERINGS. Vier vergaderings is gedurende 1982 gehou. Bywoning uit 'n totaal van 15 raadslede was respektiewelik 11 (1 plaasvervanger), 14, 12 (1 plaasvervanger) en 14.

2. LEDETAL. Gedurende die afgelope jaar het 38 persone by die genootskap aangesluit terwyl 9 bedank het en 17 lidmaatskappe opgeskort is. Die huidige lidmaatskaptal staan op 481 wat saamgestel is uit 3 erelede, 394 gewonelede, 28 geaffilieerdelede, 34 studentelede, 10 lewenslede en 12 inrigtingslede.

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van twee van ons lede, mev. M. Schmitz (sien Forum 20,4) en mev. M. Rand (sien Forum 21,1).

3. MEDALS AND CERTIFICATE. The SAAB Senior (silver) medal was awarded to Mrs. A.A. Mauve for her outstanding contributions to South African Botany. For her invaluable contributions Miss M.D. Gunn receives the SAAB Certificate of Merit.

These awards will be presented at the annual Banquet on Friday 21st January, 1983.

4. CONGRESS MATTERS. South African Botany experienced a highlight with the joint SAAB/AETFAT congress held at the CSIR Conference Centre, Pretoria, during January 1982. This was truly an International Congress with delegates attending from many parts of the world.

The Banquet with its indigenous dishes was an exotic experience! During this occasion the SAAB senior medal was awarded to Dr. I.C. Verdoorn and the certificate of merit to Mrs. C.L. Forssman (Cythna Letty). In addition three overseas scientists, Proff. J.P.M. Brenan, J. Léonard and H. Merxmüller received Special SAAB medals in recognition of their outstanding contributions to African Botany.

For those members with research interests outside the aims of AETFAT a congress was held at the University of Pretoria on the 15th and 16th of January. Despite the short notice, the Northern Transvaal regional branch (chairman Mr. T.H. Arnold) organised a good congress which was well attended. Summaries of papers were published in the South African Journal of Botany (volume 1, No. 3, 1982).

For the first time prizes were awarded for best student papers. Awards went to Miss C. Huyser for the best oral paper and to Mrs. E. du Plessis for the best poster paper. The idea for awarding prizes for best papers came from the organizing committee.

The committee (chairman Prof. B. Walker) which organized the 1983 Congress at Wits is thanked for all their hard work during 1982.

The 1984 Congress will be held at the University of Cape Town.

5. SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIF VIR PLANTKUNDE. 'n Werklike hoogtepunt in die bestaan van die SAGP is bereik met die verskyning van 'n eie nasionale tydskrif. In die eerste volume met sy vier nommers is altesaam 33 artikels gepubliseer. Die eerste wetenskaplike redakteur Prof. N. Grobbelaar en sy redaksiekomitee word hartelik bedank vir al hul harde werk. Die Buro vir Wetenskaplike Publikasies van die Stigting vir Onderwys, word bedank vir die uitgee van hier= die tydskrif. Prof. N. Grobbelaar word ook geluk gewens met sy benoeming op die beheerliggaam van die Buro vir Wetenskaplike Publikasies.

6. SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR NATURAL SCIENTISTS (SACNAS) AND REGISTRATION OF SCIENTISTS. Subsequent to the passing of the Natural Scientists Act on 15 March, 1982 a SACNAS has been established with Prof. V. Pretorius as President. Prof. N. Grobbelaar has been appointed full member of SACNAS and Prof. C. Cresswell as his alternate.

SAAB has given its full support for this development and urges SAAB members to register with SACNAS. The first SAAB member to have registered was Dr. R.A. Dyer. This took place at a special banquet on 1st September, 1983.

7. NATUURBEWARING.

7.1 SAGP-bewaringskomitee. Na aanleiding van 'n voorstel wat by die 1981 Algemene Jaarvergadering gemaak is, het die Raad 'n Bewaringskomitee in die lewe geroep wat uit die volgende persone bestaan:

Dr. D. Edwards (voorsitter) maar vir 1983 tree Prof. G.K. Theron as voorsitter op aangesien Dr. Edwards weens militêre verpligtinge nie beskikbaar is nie; prof. A.V. Hall (Wes-Kaap), mnr. A.R. Palmer

(Oos-Kaap), prof. H.J.T. Venter (Oranje-Vrystaat) en mnr. A.E. van Wyk (Noord-Transvaal).

Hierdie komitee sal die Raad behulpsaam wees met alle sake rakende flora-bewaring insluitende natuurbewaring-ordonansies en versamelpermitte.

7.2 Kogelberg-natuurreservaat. Daar is met welslae onderhandel vir SAGP-verteenwoordiging op die Palmietrivier-omgewingskomitee. Prof. A.V. Hall tree namens SAGP op.

7.3 Habitatraad. SAGP lewer steeds 'n bydrae op hierdie Raad met Dr. D. Edwards as verteenwoordiger.

7.4 Florabewaringskomitee van die Botaniese Vereniging. Mnr. H.C. Taylor is as SAGP verteenwoordiger aangestel.

7.5 Umtamvuna-natuurreservaat. As gevolg van die direkte betrokkenheid van SAGP-lid mnr. A.E. van Wyk, het die Natuurstigting die plaas Beacon Hill aan=gekoop en oorgedra aan die Natalse Parkeraad vir die vergroting van die Umtamvuna-natuurreservaat.

8. PUBLICITY. Prof. Kristo Pienaar continues to make contributions on Radio and Television from which Botany and SAAB benefit.

Council paid particular attention during 1982 to the design of a poster and information pamphlet to advertise SAAB. These are nearing completion and should be available for distribution early in 1983.

A brochure on careers in Botany is also being completed.

9. TRUST FUND. A trust deed has now been finalised and a Trust Fund with an initial amount of R4000 has now been established by the Founding Trustees. The names of the Trustees will be announced in Forum Botanicum.

10. ASSOCIATED SCIENTIFIC AND TECHNICAL SOCIETIES AND THE JOINT COUNCIL OF SCIENTIFIC SOCIETIES. SAAB continued to participate in AS & TS and JCSS activities. This included reacting to a report by AS & TS on education and training which was submitted to the HSRC. Much time was spent on JCSS committee work in connection with SACNAS and the registration of scientists.

11. ADVISORY COMMITTEE ON BOTANICAL MATTERS OF THE MINISTER OF AGRICULTURE. SAAB is represented on this Committee by Proff. C.F. Cresswell, N. Grobbelaar, O.A.M. Lewis, E.A. Schelpe, H.P. van der Schijff, J.J.A. van der Walt and B.H. Walker.

One of the products of this committee's efforts has been the report "Plant Sciences in Agriculture".

12. FLORA OF SOUTHERN AFRICA. The document "The Flora of Southern Africa - a case for increased support for a Research Project of international scope and impact", drawn up after a Flora Workshop was held during the AETFAT-SAAB Congress, was strongly supported hy SAAB and was submitted to the Science Planning Branch of the office of the Prime Minister.

13. LANDBOUBEDIENINGSKOMITEE (JACOBS-KOMMISSIE). Die SAGP het die geleent= heid benut om skriftelike getuienis voor hierdie komitee af te lê oor die behoeftes van Plantkunde en die leemtes wat tans bestaan.

14. JOURNAL OF SOUTH AFRICAN BOTANY. SAAB is represented on the editorial committee by Proff. N. Grobbelaar and O.A.M. Lewis.

15. INTERNATIONAL ASSOCIATION OF PLANT PHYSIOLOGISTS. Prof. N. Grobbelaar continues to represent SAAB on the IAPP.

16. FINANSIES. Soos uit die jaarverslag van die tesourier gesien kan word was die finansiële toestand van die SAGP nog nooit beter nie. Hierdie toe= drag van sake kan grootliks aan die noukeurige en ywerige werk van ons tesourier dr. P.D.F. Kok toegekryf word. Deur sy toedoen is nie minder as R1200 agterstallige ledegelde ingewin. Ons hartlike dank en waardering aan hom.

17. FORUM BOTANICUM. Mr. Ted Oliver (editor), Miss Mienkie Welman and Dr. G.E. Gibbs-Russell were once again responsible for compiling, producing and distributing Forum Botanicum. We thank them for all their hard work in bringing forward this little gem.

18. NUWE RAAD.

President	:	Prof. J.H. Visser
Sekretaris	:	Mnr. C. Boucher
Tesourier	:	Dr. J.H. Jooste
Uitgetrede President	:	Prof. J.G.C. Small
Gewone lede	:	(twee vise-presidente moet uit eie geledere aangewys word)

In tweede diensjaar: Dr. B. de Winter, proff. O.A.M. Lewis, G.K. Theron, J.J.A. van der Walt (W. Kaap), dr. G.E. Gibbs-Russell (N. Tvl.), dr. R. Lubke (O. Kaap).

In eerste diensjaar: Proff. C.F. Cresswell, J.N. Eloff (OVS), N. Grobbelaar, R.N. Pienaar en dr. J.C. Scheepers.

Uitgetrede lede: Mej. M. Welman, dr. D. Edwards, dr. P.C. Keulder en dr. P.D.F. Kok

Uitgetrede lede word bedank vir die bydraes wat hulle tydens hulle diens= termyn gemaak het. Nuwe lede wat tot die Raad verkies is word hartlik verwelkom en geluk gewens. In besonder word aan die nuwe president, sekretaris en tesourier sterkte toegewens.

19. BEDANKINGS. Die SAGP het 'n besondere bedrywige jaar beleef. Alhoewel sekere projekte nie afgehandel kon word nie is daar ook veel tot stand gebring. Alle lede van die Genootskap word bedank vir hulle ondersteuning aan SAGP oor die afgelope jaar.

In besonder bedank ek graag en met groot waardering ons sekretaresse, mej. Minekie Welman, vir haar uitmuntende dienste; ons tesourier dr. Pieter Kok, al die ander lede van die uitvoerende komitee en elke ander Raadslid vir onbaatsugtige diens en lojale steun (Prof. J.G.S. Small, President: SAGP).

SAAB TRUST FUND: The Trust Fund established last year and mentioned above in the President's report, item 9, has the following trustees who have been appointed for a term of three years: Professors C.F. Cresswell, O.A.M. Lewis, K. Pienaar, J.J.P. van Wyk and J.H. Visser and Dr. P.D.F. Kok.

VRYSTAATSE TAK VAN DIE SAGP, JAARVERSLAG VIR 1982: Die bestuur vir die termyn 1982/83 was soos volg saamgestel:

Voorsitter:	Dr. R.L. Verhoeven
Ondervoorsitter:	Dr. G.H. Wiltshire
Sekretaresse/Tesouriere:	Mev. A.M. Joubert
Addisionele lede:	Dr. E.G. Groenewald
	Mnr. P.W. van Wyk

Gedurende die jaar het twee persone by die genootskap aangesluit. Die huidige ledetal staan op 38. Namens die bestuur wil ek graag die nuwe lede welkom heet en hoop dat hul verbintenis met die Vereniging vrugbaar sal wees.

Gedurende 1982 is die volgende lesings gereël:

26 Februarie:	Prof. K.W. Butzer - A palaeoclimatic prognosis for CO_2-induced climatic change during the 21st century.
2 Maart:	Prof. P. Müller - Methods of ecotoxicology evaluation.
10 Augustus:	Prof. H.P. van der Schijff - Opleiding en navorsing aan Suid-Afrikaanse Universiteite.
2 November:	Mnr. D. Grobler - Die toepassing van stelselontleding in Ekologie.

Die reëlings het goed verloop met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 25 persone. Die lesing deur prof. H.P. van der Schijff is in samewerking met die departement Plantkunde gereël terwyl die lesings deur proff. Butzer en Müller in samewerking met die Instituut vir Omgewingswetenskappe en Openbare lesingkomitee van die Universiteit van die O.V.S. onderskeidelik gereël is.

Die werkswyse van die tak het soos in die verlede voortgegaan met aand= lesings gevolg deur 'n besprekingsessie waarna gesellig verkeer is met 'n koppie tee en verversings. Die lesings deur prof. Butzer en mnr. Grobler is egter om 16h00 aangebied wat ook baie suksesvol was.

Die finansiële toestand van die tak is gesond as die klein ledetal in ag geneem word. Die saldo is tans R191,72. Die ledegeldsubsidie vir 1982 is ook ontvang.

Die volgende instansies en persone word hartlik bedank vir hulp wat in een of ander vorm verleen is om van die jaar se verrigtinge 'n sukses te maak. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, prof. J.N. Eloff, sprekers wat gedurende die jaar opgetree het en lede van die bestuur. (Dr. R.L. Verhoeven, Voor= sitter).

==========

REDAKSIE:

Mnr. E.G.H. Oliver
Navorsingseenheid vir Plantkunde
Posbus 471
STELLENBOSCH
7600